# Die Christelike Vrou

Mei 2026 Amptelike mondstuk van die NHSV

# ’n Dag in die lewe van ’n plaasveearts




**Ek is nou al agt jaar lank ’n grootdierveearts in die Noord-Kaap. Baie van my dae lyk dieselfde: ver ry, grondpaaie, en baie alleen wees. Partykeer ure op die pad… vir iets wat vir ander soos ’n klein werkie lyk. Grootdierwerk is anders, baie anders. En baie mense besef dit nie eens nie. Hulle sien ’n veearts as ’n konsultasiekamer, ’n jassie, ’n hond of ’n kat op ’n tafel. Dit voel amper vreemd vir mense dat ’n “dokter” in ’n bakkie klim en tussen koeie en skape werk.**

Maar ek weet een ding vir seker – ek het die beste beroep in die wêreld. Ja, dit is baie harde werk. Ja, party dae werk ek met 650 tot 700 koeie. Ja, ek toets dragtighede, ry ver, en kom eers lank na donker by die huis aan. Maar vandag was een van daardie dae wat my weer herinner het hoekom ek dit doen.

Vanoggend kom ek by die plaas aan – kraal vol, manne reg, reën wat liggies val. Alles gereed om te begin. En my ultraklankmasjien wil nie aanskakel nie. Ek het alles probeer. Letterlik alles. Batterye geskuif, planne gemaak, mense gebel… niks.

Uiteindelik sê ek vir die boer: *Ek is regtig jammer, Oom… dit het nog nooit gebeur nie.* En toe bid ek. Net daar – vir my masjien – en hy skakel aan. En in daardie oomblik het een boer, een veearts en 12 werkers weer in wonderwerke begin glo.

Ek kon my werk klaarmaak. Daarna ry ek na ’n kliënt toe wat oor tyd ’n vriendin geword het. Haar huis het afgebrand. Alles is weg. Tussen die reën, die modder en al die emosies, skandeer ons haar ooie – vir ’n laaste keer, want hulle moet verkoop word. En jy besef weer: Werk is klein, mense se lewens is groot.

My volgende stop is Leehan Bonsmaras, een van my gunstelingplekke. Dit reën nog. Ek is papnat. My bakkie is nat binne. My kop is besig. Ek jaag. Ek probeer planne maak om my masjien oornag te stuur – want môre wag die werk weer. My foon lui aanhoudend. Kliënte. Besluite. Persoonlike dinge tussenin. My kop raas, al is ek kilometers weg van enige stad.

Ek trek in by die plaas; daar kom tannie Colleen aangeloop. Sy staan langs my deur, soos by ’n *drive-thru* – met ’n koppie tee. Nie sommer net tee nie, vanielje-rooibos, met warm melk. En daardie sagte, vriendelike glimlag. En alles, net vir ’n oomblik, raak stil. Ons het meer gesels as gewerk. Die wind het gewaai, dit was koud, maar die werk het klaargekom.

Op pad huis toe het dit my getref: Oor vyf jaar van nou af, gaan ek nie onthou aan hoeveel diere ek daardie dag gewerk het nie. Ek gaan nie onthou wat my fakture was nie. Ek gaan nie onthou hoe ek gestres het oor my masjien nie. Maar ek gaan daardie koppie tee onthou.


Ek gaan onthou hoe iemand, in die middel van ’n gewone dag, iets buitengewoon eenvoudig gedoen het – en dit het alles ligter gemaak.

So, aan elkeen van my kliënte, aan die boere daar buite: Julle is ongelooflik. Julle dra soveel meer as wat mense besef – die diere, die druk, die onsekerheid, die lewe. Ek werk met net ’n fraksie daarvan, maar ek dra dit saam met julle. En elke aand, voordat ek gaan slaap, bid ek vir elkeen van julle. Julle is sout-van-die-aarde-mense. Jul pad is reguit hemel toe, en jul skatte daar is te veel om te tel. Maar vandag was dit ’n koppie tee by ’n bakkievenster in die reën en wind wat my weer laat onthou het hoekom ek hierdie werk doen. En hoekom dit, sonder twyfel, die beste beroep in die wêreld is.

Dr Sherike van der Merwe


https://www.facebook.com/profile.php?id=100090832219984

# NHSV KONGRES



**Spreker: Gerda van der Merwe**

**Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur**




**Gerda van der Merwe is getroud met ds Hannes van der Merwe, predikant van NHKA Pretoria-Oos. Uit hul huwelik is twee dogters gebore, Annieka en Adrianay. Albei dogters is getroud.**

Gerda is die stigter van LÉÉF en Dayenu Art and Framing – twee platforms waar kreatiwiteit, neuro-afrigting en menswees op 'n unieke wyse saamvloei.

As ICR-geregistreerde lewensafrigter fokus sy op neuro-, welstands- en hoëprestasie-afrigting. Deur LÉÉF Neuro-afrigtingspraktyk begelei sy mense om vanuit oorlewing na voluit leef te beweeg – 'n proses waar verwerking, integrasie en volhoubare verandering moontlik word.

**Haar passie** is om mense te help om te besef dat hulle waardig is om gelukkig te wees. Dit bring vir hulle innerlike vrede, sodat hulle op 'n gesonde manier na hulself kan kyk en kan groei. So kan hulle hul kwaliteite en vermoëns ten volle uitleef.

**Haar gawe** is om mense met vertroue en vrymoedigheid te lei om hul volle potensiaal te bereik en om so aan hulle vlerke te gee, sodat hulle héél kan wees.

**Haar kreatiwiteit** stel haar in staat om die mooie in klein én in groot raak te sien en om op verskeie maniere 'n medeskepper te word. Só help sy ander om ook die hindernisse in hul eie lewe te oorkom.

Met Dayenu Art and Framing skep sy 'n kreatiewe ruimte waar kuns nie bloot aangeleer word nie, maar ook beleef word as deel van groei, genesing en selfuitdrukking. Haar werk weerspieël 'n diep liefde vir mense, skoonheid, egte verbondenheid en die transformerende waarde van kuns.

# LÉÉF

## Waar die brein verwerk en die *lewe verander*

'n Nuwe manier in neuro-afrigting en kunsgebaseerde verwerking.

Gerda van der Merwe



*"Chroniese stres hoef nie jou normaal te wees nie."*

In 'n tyd waar emosionele oorlading, chroniese stres en innerlike uitputting al hoe meer algemeen raak, bied LÉÉF – Neuro- en kunsgebaseerde lewensafrigting – 'n diepgaande en geïntegreerde pad na herstel en volhoubare verandering.

Volhoubare verandering lê nie in insig alleen nie, maar in die verwerking en integrasie van ervarings binne die brein en senuweestelsel — waar nuwe patrone gevorm en gestabiliseer word.

### MEER AS INSIG ALLEEN

Baie tradisionele benaderings tot persoonlike groei en genesing fokus hoofsaaklik op gesprek en kognitiewe insig. Hoewel dit waardevol is, is dit dikwels nie voldoende om diepgewortelde patrone te verander nie.

Volhoubare verandering lê nie in insig alleen nie, maar in die verwerking en integrasie van ervarings binne die brein en senuweestelsel — waar nuwe patrone gevorm en gestabiliseer word.

### DIE ROL VAN DIE SENUWEESTELSEL

Die senuweestelsel bepaal hoe ons stres, trauma en emosionele ervarings beleef. Wanneer hierdie stelsel gedisreguleer is, funksioneer die liggaam dikwels vanuit outomatiese oorlewingspatrone soos spanning, angs of emosionele afsluiting.

Neuro-afrigting by LÉÉF fokus daarop om:

- die senuweestelsel te help reguleer;
- vasgevange stresreaksies te verwerk; en
- die liggaam terug te bring na 'n toestand van veiligheid en herstel.

Hierdie proses van regulering en integrasie—waar die brein en liggaam ervarings werklik verwerk—vorm die grondslag van diepgaande en volhoubare innerlike verandering.

### MULTI-LEVEL NEURO PROCESSING (MLNP)

'n Kernkomponent van die LÉÉF-benadering is Multi-Level Neuro Processing (MLNP) – 'n gestruktureerde proses waardeur ervarings op verskeie vlakke gelyktydig en geïntegreerd verwerk word:

I Kognitief – gedagtes en betekenis
II Emosioneel – gevoelens en emosionele lading
III Somaties – liggaamsbewustheid en sensasies
IV Neurologies – integrasie in die brein

Hierdie multi-vlak benadering verseker dat verandering nie net verstaan word nie, maar werklik beleef, geïntegreer en vasgelê word as nuwe neurale patrone.

### KUNS AS NEURO-INTEGRASIE

Wat LÉÉF uniek posisioneer, is die integrasie van kuns as terapeutiese medium binne neuro-afrigting.

Kreatiewe prosesse – veral skilder – ondersteun die brein se vermoë om:

- emosies nie-verbaal te verwerk;
- interne spanning te ontlaai; en
- nuwe neurale verbindings te vorm.

Hier funksioneer kuns nie bloot as uitdrukking nie, maar as 'n neurale toegangspunt tot verwerking en integrasie – veral van ervarings wat te intens, te oud of te kompleks is vir woorde alleen.



### VAN OORLEEF NA LÉÉF

Die kern van hierdie benadering is eenvoudig, maar diep:

*"Chroniese stres hoef nie jou normaal te wees nie."*

Deur doelgerigte verwerking en integrasie word mense begelei om:

- ou patrone te herskryf;
- emosionele vryheid te ervaar; en
- met groter bewustheid en teenwoordigheid te leef.

Dit is nie net verandering nie – dit is transformasie.

### 5 BEGINSELS VAN NEURO-AFRIGTING BY LÉÉF

1. **Veiligheid eerste**
   Skep 'n veilige interne en eksterne ruimte waar verwerking kan plaasvind.
2. **Verwerk, nie net praat nie**
   Help die brein en liggaam om ervarings werklik te verwerk en los te laat.
3. **Integreer op alle vlakke**
   Werk met gedagtes, emosies, die liggaam en die senuweestelsel.
4. **Herskryf jou neurale paaie**
   Bou nuwe breinpaadjies deur herhaalde, doelgerigte integrasie.
5. **Lééf met bewusheid**
   Van oorleef na LÉÉF – met keuses wat jou waardes, roeping en welstand ondersteun.

### 'N LEWENSWYSE

LÉÉF is nie net 'n praktyk nie; dit is 'n uitnodiging tot 'n nuwe manier van leef.

*"Herskryf jou storie met nuwe breinpaadjies."*

Met 'n benadering wat wetenskap, bewusheid en kreatiwiteit integreer, bied LÉÉF 'n ruimte waar mense nie net beter kan voel nie, maar werklik kan verander.

KONTAK
082 681 6723
gerdavdm2@gmail.com
Gauteng, Suid-Afrika

*Sessies beskikbaar:*
Aanlyn (Zoom) of in-persoon.

**Kunstenaar: Je-ani Swiegelaar** **Rozelda Nel**



**Je-ani Swiegelaar is 'n Namibies-gebore Suid-Afrikaanse aktrise wat veral bekend is vir haar rol as suster Naomi Ferreira in die kykNET-sepie *Binnelanders*.**

Sy het in 2004 matriek voltooi en daarna Drama aan die Universiteit van Pretoria studeer, waar sy haar toneelspelvaardighede ontwikkel en 'n stewige grondslag vir haar loopbaan in teater en televisie gelê het. Je-ani het in verskeie teaterproduksies opgetree en haar veelsydigheid as aktrise ten toon gestel. Sy het rolle vertolk in *The Witches* onder regie van Pieter Bosch Botha, *Boys in the Backroom* ('n Grahamstad-produksie), en die musiekblyspel *Floozi* onder regie van Pieter Human. Hierdie rolle het haar die geleentheid gebied om uiteenlopende karakters te vertolk en erkenning in die Suid-Afrikaanse teaterwêreld te ontvang.


Je-ani vertolk die rol as suster Naomi Ferreira in *Binnelanders* sedert haar eerste verskyning op 7 September 2012. Sy het ook in ander televisieproduksies verskyn, insluitend 'n gasrol in *Villa Rosa* en die karakter Maretjie in *Getroud met Rugby 4*.

Benewens televisie, het sy ook die rolprentbedryf betree. Sy speel in die film *My f*k, Marelize!*, wat op ware gebeure in Windhoek gebaseer is en aandag getrek het weens sy virale elemente. Haar werk in televisie én film wys haar vermoë om gehore oor verskillende mediums heen te boei.

Sy het verskeie toekennings en erkenning vir haar vertolkings ontvang, insluitend eerbewyse as Beste Sepie-aktrise en Beste Aktrise in 'n Rolprent by die Silwerskerm-toekennings. Hierdie prestasies beklemtoon haar talent en bydrae tot die Suid-Afrikaanse vermaakbedryf.

Buiten haar toneelspel, geniet Je-ani dit om tyd in die natuur deur te bring, tuis te ontspan en saam met vriende en haar honde te kuier. Sy hou ook van huisverbeteringsprojekte en geniet eenvoudige lekkernye soos wortelkoek. Haar persoonlike belangstellings weerspieël 'n goeie balans tussen haar professionele en persoonlike lewe.

Je-ani Swiegelaar is 'n talentvolle en veelsydige aktrise wie se loopbaan teater, televisie en film insluit. Met 'n sterk akademiese agtergrond in drama en 'n toegewyde benadering tot haar kuns, bly sy gehore boei – veral deur haar rol in *Binnelanders* – terwyl sy ook nuwe projekte aanpak en opkomende akteurs inspireer.


SWIPE
REGS
'N LEKKER KOMEDIE!
GESKRYF DEUR:
Germandt Geldenhuys
&
Je-ani Swiegelaar
BESPREKINGS:
tania@tfpromosies.co.za

# EENDRACHTKRING



# EENDRACHTKRING

**Ds JPJ Fourie, voorsitter**

**Dit is vir my inderdaad 'n voorreg om 'n paar mededelings met u te deel rakende die Eendrachtkring.**

Ons het op 7 Mei 2026 weer byeengekom by Gemeente Wonderboompoort. Daar was so 30 lede teenwoordig, nieteenstaande die ysige koue. Dit was werklik 'n besonder sinvolle byeenkoms. Naas die gewone kennisname van lief en leed, het ons ook gesprek gevoer oor 'n paar onderwerpe.

- Prof Natie van Wyk se publikasie *Die uitgebreide liturgiese kalender*.
- Mev Frieda van Wyk het inligting gedeel oor die publikasie van dr Daan van Wyk (sr), *Die Koninkryk van God*.
- Louise Geyser het aanbeveel dat dr Daan van Wyk (jr) gedurende ons volgende vergadering praat oor sy publikasie.
- Die skrywe van die Raad van Finansies oor die persoon wat deur families in hul begrafnispolisse aangewys moet word en wat die uitbetaling van fondse moet hanteer.
- Die versoek van Momentum om die nodige dokumente aan hulle te stuur ter wille van FICA ten opsigte van pensioenarisse se vergoeding.

Die volgende vergadering word beplan vir 17 September 2026 – die datum waarop die 40-jarige bestaan van die Eendrachtkring gevier sal word. Wyle mev Kotie Viljoen was die NHSV voorsitter in 1986, en dit was onder haar leiding dat die Eendrachtkring gestig is. Dit is 'n groot voorreg dat haar eggenoot, dr Christo Viljoen (93), sedert hulle emeritaat aanvaar het nog elke byeenkoms bygewoon het.

Baie dankie aan die NHSV Hoofbestuur dat u ons steeds versorg, veral tydens ons byeenkomste. Dit word opreg waardeer. Die NHSV Wonderboompoort ontvang en bederf ons terdeë.

U is baie welkom om ons byeenkoms van 17 September by te woon.

Groete en seënwense



# Vrouedag



# Vrouedag

**Sy het ’n naam en sy *máák sáák***

**Mev Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur**

**Daar is ongeveer 600 vroue in die Bybel wie se name ons nie ken nie, maar ons lees hul verhale in bykans elke boek van die Ou en die Nuwe Testament. Al ken ons nie hul name nie, is hul storielyne steeds belangrik. Eerstens word hulle as vroue genoem in die geskiedenis van die Bybelverhale, en tweedens het hul optredes en aksies verskeie rimpeleffekte gehad, wat gelei het tot ’n beter verstaan van wie God is. Hulle was naamloos maar nie stemloos nie.**

Dit is natuurlik maklik om elkeen van hierdie vroue mis te kyk, haar dalk gering te ag, of net die eenvoud in haar storie raak te lees. Haar verhaal maak egter saak, want *sý maak saak* – in haar gesin, haar familie, en die samelewing van die Bybelse tyd.

Wanneer ons hierdie vroue in die Bybel miskyk, is ons lewens armer – almal besef dit egter nie met die eerste aanhoor van dié verhale nie. Dit laat ons besef dat ons vandag nog so baie vroue en ma’s se stories miskyk, gering ag, of selfs verby dit kyk of lees.

Moedersdag gee ons die geleentheid om die ma’s en oumas, pleegma’s en pleegoumas se stories te vier en oor te vertel! Vroue wat vir hul gesinne opstaan, wat hulle elke dag fisies versorg, help en liefhet.

Moedersdag gee ons ook die geleentheid om die ma’s in ons lewens wat opstaan vir menswaardigheid, billikheid en geregtigheid te vier – die vroue wat hul plekke inneem in ons lewens, hulself laat geld, en hul families en hul roeping in die samelewing uitleef.

Die vrou van Noag was *naamloos maar nie sorgeloos* nie. Moederskap en voortbestaan was deel van haar verhaal. Sy het Noag ondersteun en het as moeder van ’n nuwe generasie ná die sondvloed ’n belangrike rol gespeel in die voortsetting van die mensdom – ’n onbekende moeder en heldin.

Die Sunemmitiese vrou van 2 Konings 4 was *naamloos maar nie nutteloos*



**Sy het 'n naam en sy *máák sáák***

nie – haar gasvryheid het gesorg dat Elisa 'n dak oor sy kop en kos gehad het ná lang reise. Sy wou egter nie erkenning van die koning gehad het vir haar goeie dade nie. Sy was kinderloos, en Elisa maak aan haar 'n belofte dat sy 'n seun sou hê, en sy word geseën met moederskap.

*Terwyl Hy praat, het 'n vrou in die skare uitgeroep: "God seën u moeder – die skoot waaruit U gekom het…"* (Luk 11: 27, NLV). 'n Naamlose vrou in die skare, maar sy was nie verwagtingloos nie. Haar uitroep was 'n verwagting van 'n familie en moederskap wat haar na aan die hart gelê het.

Dan staan ons stil by Jesus se antwoord aan haar: *"Maar nog meer geseënd is almal wat die woord van God hoor en dit uitleef."* (Luk 11: 28, NLV). Dit laat ons dieper dink oor God en die boodskap wat Hy bring, en hoe ons as ma's hierdie boodskap moet uitleef en ons lewens daarvolgens moet inrig.

Om 'n ma genoem te word, gee aan jou 'n naam en *jy máák sáák*. Om kinders te hê, plaas die wêreld in 'n nuwe perspektief. Moederskap word beskou as 'n heilige roeping van God, 'n spesiale opdrag waar moeders die liefde, genade en wysheid van God in hul kinders se lewens vaslê. Mag Moedersdag ons herinner om *elke dag* hierdie bydrae en opoffering van ons ma-figure te vier en te erken!

(Hierdie artikel het ook as voorblad-artikel van *Blitspos* verskyn.)



# Studente



# Studente

**NHSV inligtingsessie aan finalejaar teologiestudente** | **Rozelda Nel, NHSV kantoor**

**Die NHSV se jaarlikse inligtingsessie vir die finalejaar teologiestudente het op Vrydag 15 Mei 2026 by Gemeente Philadelphia plaasgevind tydens een van die vier kontakweke in hul finale jaar.**

Met hul teologiestudieloopbaan amper op 'n einde, kon die twee finalejaar teologiestudente vir ons tyd inruim om met hulle te gesels tydens 'n ligte middagete wat die NHSV saam met 'n geskenkpakkie vir elkeen voorsien het.

Die finalejaarstudente aan die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) is dr Hercules Boshoff vanaf Gemeente Kaapstad en mev Rolandi Mc Geer vanaf Gemeente Rustenburg-Suid.

Aan entoesiasme was daar geen tekort nie. Elkeen van hierdie studente vertel hoe hulle die NHSV asook dienswerk in die Kerk van jongs af leer ken het in die gemeentes waar hulle opgegroei het!

Die NHSV Hoofbestuur se gesprek met die teologiestudente, wat al vir dekades 'n jaarlikse instelling is, is waargeneem deur mev Mari-lizé Beukes, voorsitter van die NHSV Hoofbestuur. Die volgende sake is bespreek:

- Die NHSV tema vir 2024, *Al het ek geval, ek staan weer op*... Miga 7:8 (AFR2020); 2025 se tema, ...*want ek weet op wie ek vertrou*... 2 Timoteus 1:12 (AFR83); en 2026 se tema, *Nogtans sal ek jubel*... Habakuk 3:18 (AFR2020); en wat dit beteken vir die NHSV Nasionale Kongres wat van 26 tot 28 Junie 2026 in Pretoria plaasvind.
- Die NHSV se dienslewering binne gemeentes en in NHSV streke landwyd asook die nasionale betrokkenheid van die NHSV Hoofbestuur binne en buite die Kerk.
- Die NHSV se werksaamhede en prioriteite: Bejaardesorg; Studielenings aan Hervormde studente; en Armoedeverligting.
- Die geestelike toerusting van ons vrouelidmate op gemeentevlak. Dit is toegelig deur middel van die NHSV se jaarlikse vooruitskouing wat op die NHSV se webblad www.nhsv.org.za beskikbaar is.

Hierdie bekwame jong teologiestudente is tans besig met hul finale praktiese jaar by hul onderskeie gemeentes. Die NHSV bid hulle die seën van die Here toe vir hul pad vorentoe in die Kerk.

Mag julle in die gemeentes waar julle werksaam gaan wees, ook beleef hoe die NHSV se leuse *Wees 'n seen* tot uiting kom daar waar vrouelidmate 'n dienende teenwoordigheid in die lewe van die Kerk is.

**Foto vlnr**: Dr Hercules Boshoff (Gemeente Kaapstad), mev Mari-lizé Beukes (voorsitter NHSV Hoofbestuur), mev Rolandi Mc Geer (Gemeente Rustenburg-Suid), en dr Hein Delport (hoof HTK).



Goeiemôre Taal Skryf

PRAKTIESE AFRIKAANS

WELKOM WOORDEBOEK

kasaterwater Leer

Spelling AFRIKAANS

# PRAKTIESE AFRIKAANS

Afrikaans dwaalspoor

Lees Woerts Sê

Goeienaand Spelling

LETTERKUNDE

Vrae WELKOM

Goeiedag

# PRAKTIESE AFRIKAANS

**TV-nuus** **Tessa Oppermann, Gemeente Rooihuiskraal**




Stemme gaan al hoe meer op téén Standaardafrikaans, as sou dit enersyds taalkundige verandering en variasie inhibeer, en andersyds niestandaardvariëteite as substandaard stigmatiseer.

Ja. En nee. Prof Wannie Carstens som dit só op in sy handleiding *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*:

*Die onderskeiding van 'n norm van Standaardafrikaans impliseer nie dat Standaardafrikaans die enigste "korrekte" vorm van Afrikaans is nie, maar wel dat dit in veral formele geskrewe en gesproke situasies die* ***sosiaal mees gepaste vorm*** *van Afrikaans is. Die niestandaardvorme van Afrikaans is daarom nie noodwendig "foutiewe" of "verkeerde" Afrikaans nie; dit is net in* ***sekere*** *taalsituasies* ***minder gepas*** *omdat dit nie algemeen gebruiklik is nie.*

Met dit alles gesê, sou ons tog seker van iets soos die nasionale TV-nuusuitsendings 'n bepaalde standaard kon verwag.

Binne dae hoor ek die volgende "mistastings" in die Afrikaanse nuusuitsendings:

- *...daar blyk ook geen keer aan die Lions nie...* In plaas van die volledige *...daar blyk ook geen keer aan die Lions te wees nie...*
- Die skuldige(s) *het die ongelukstoneel gevlug...* Waarskynlik direk uit 'n Engelse berig, byvoorbeeld *...they fled the scene...*, in plaas van die korrekte *...hulle het van die ongelukstoneel gevlug...*
- *...laat veel te wense...* in plaas van *...laat veel te wense oor...*
- Iemand het *kywie gehou...* Ja, dis in die woordeboek (Pharos se tweetalige woordeboek), en ja, dit kom van Latyn (*caveo, cavi, cautum*) – om op jou hoede te wees – maar is dit werklik gepas in 'n TV-nuusberig?

En toe is daar nog 'n geleerde professor ook wat in 'n paneelbespreking praat van *kompassie*. Ja, die woord bestaan, maar waarom nie maar eerder praat van *deernis* of *medelye* nie?

In prof Wannie se woorde: *In sekere situasies word 'n sekere soort taal verwag en dit is belangrik dat sprekers oor die vermoë (en registers) beskik om hulself hierby aan te pas.*

**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), dr Sherike van der Merwe, Mari-lizé Beukes, Rozelda Nel, ds JPJ Fourie, Tessa Oppermann**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com of https://www.freepik.com of KI of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

| | | |
|---|---|---|
| www.nhsv.org.za | *Porterstraat 40, Rawsonville, 6845* | diechristelikevrou@gmail.com |
| diechristelike | Christelike Vrou | *082 923 9439* |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***